

18. Historiese Sake

18.1 RAPPORT 1 – DEPUTATE HISTORIESE SAKE – KERKARGIEF POTCHEFSTROOM EN KERKHISTORIESE SEMINAAR (Art 206)

- A. Ds G Opperman lewer die rapport.
- B. Die rapport word staande die Sinode afgehandel.

C. RAPPORT

1. Opdrag

Acta 2009:337-341.

Besluit: Kennis geneem.

2. Die Kerkargief te Potchefstroom

2.1 *Sake waarvan die Sinode kennis neem*

2.1.1 Personeel

Sr Carmie Huisman tree van 1 Mei 2009 met groot vrug op as die voltydse argivaris van die GKSA. Met dankbaarheid kan gerapporteer word dat die personeel in die Argief professioneel en met toewyding hierdie werk in die diens van die koninkryk van God doen.

Br GL Kruger dien as assistent-argivaris in die periode 2009-2011. Die Sinodebesluit van 2006 (p384, F,2) is tot dusver as 'n tydelike pos in 2009 tot 2011 hanteer. Volgens beskrywing in die Handeling moet dit as 'n permanente pos beskou en uitgevoer word. In die periode Januarie 2009 tot 30 Junie 2011 is 68 gemeentes en 7 Klassisse ontsluit. Dit blyk egter dat die inkomende gemeente argivalia tans teen 'n tempo toeneem, en 'n agterstand stadig begin vorm. Verder moet in ag geneem word dat die assistent slegs in 2009 die pos voldag gewerk het, sedertdien halfdag. Hieruit blyk dit dat dit noodsaaklik is dat die assistent die pos as 'n voldagpos sal moet beklee.

2.1.2 Wersaamhede

2.1.2.1 Nuwe kantoorruimte

'n Nuwe kantoorruimte is aan die Argief toegeken. Hierdie ruimte bestaan uit 2 kantore en 'n kluis. 'n Aantal meubels en funksionele werksoppervlakte is deur die Administratiewe Buro verskaf en nuwe blinders is in die kantoor ingesit.

2.1.2.2 Wersaamhede in die Argief tov navorsing

'n Konstante stroom navorsers het die Argief besoek. Elektroniese en telefoniese navrae is beantwoord.

Twee navorsingsprojekte word as hoogtepunte in die tydperk voorgehou. Ds PA Coetzee, predikant van GK Potchefstroom is van inligting voorsien uit bronne in die argief. Ds Coetzee het die uitstaande Postma-verslae in Nederland opgespoor en afskrifte aan die Argief oorhandig.

Die navors van geskiedenis van die gemeente Lindley was 'n absolute hoogtepunt. Na aanleiding van 'n vorige argiefnavorsingsprojek is die kontaknommer van 'n forensiese laboratorium wat spesialiseer in restourasie van dokumente aan GK Lindley verskaf.

2.1.2.3 Digitalisering van registers

Dr Poen Coetzee die projekteier, bied sy kennis en hulp aan en het in 2009-2010 etlike ure gewerk aan die digitale fotografering van die oudste registers.

Oorplasing van argiefmateriaal vanaf Rolfilm, Microfish, 35mm en 16mm na CD of DVD skywe en/ of hardeskyf. Hierdie projek word geloods in samewerking met br Jaap Verhoef en prof Wouter Jooste. 'n Afvaardiging van die Deputate, br Jaap Verhoef, dr Kobus van Tonder en ds Gustav Opperman en argivaris sr Carmie

Huisman is getaak om die Argief van die Latter-day-Saints in Parktown te besoek met die oog op insameling van inligting ivm oorskakeling van microfish na 'n ander elektroniese formaat. 'n Afspraak is ook gemaak by Video Africa in sake die bewaring van argivalia wat op film is.

2.1.3 Ander werksaamhede

2.1.3.1 Tjaart van der Walt-boekery

Prof Tjaart van der Walt het sy boekery en persoonlike dokumente aan die Argief geskenk. 'n Duidelike opdrag aan die argivaris was dat vakkundige boeke uit die boekery aan studente verkoop mag word en die geld vir die Argief aangewend word. Met toestemming van die Deputate Historiese Sake is die boeke verkoop aan lede van die Deputategroep en studente. Die studente en lede is gevra om 'n donasie vir die rekening van die Argief by die Administratiewe Buro van die GKSA in te betaal, hiermee is 'n redelike bedrag geld gegeneer.

2.1.3.2 Hamanskraalse Teologiese Skool

Die Hamanskraalse Teologiese Skool se dokumente is 95% uitgesoek en ontsluit. 'n Pragtige fotoversameling is herwin, maar nie ontsluit.

2.1.3.3 Afrikaners in Argentinië

'n Versameling dokumente van die Afrikaners in Argentinië is ontsluit en navorsers van Universiteit KZN het dit reeds by verskeie navorsingsgeleenthede gebruik.

2.1.3.4 Paul Kruger Kinderhuis

Daar is 'n aantal versamelings wat nie ontsluit is nie, oa die Paul Kruger Kinderhuis-dokumente.

2.1.3.5 Kung Bybelvertaling

'n Versameling dokumente van die Kung Bybelvertaling word aan die argief gestuur deur die Gereformeerde Kerk Windhoek. Ingesluit by die dokumente is die aantekeninge, korrespondensie en dokumente van ds PJWS Van der Westhuizen in verband met die vertaling van die Bybel in Kung. In die kosbare stukke is die Kung-woordeskat en 'n stel klankbande vorm deel van die versameling. Die genoemde argivalia is gesorteer en duidelik beskryf.

2.1.3.6 Kommunikasie mbt die kerke van ou Sinode Middellande

Br Joseph Malunga het reeds begin om gemeentes van die ou Sinode Middellande te besoek en in te lig rondom die versameling en bewaring van argivalia by die Potchefstroomse Argief. Hierdie opdrag is baie omvangryk aangesien gemeentes besoek moet word om leiding te gee watter dokumente van historiese waarde bewaar moet word.

2.1.3.7 Bewaring van huweliksregisters

Die Argief ontvang nie meer huweliksregisters van Kerkrade nie, aangesien die dokumente in die besit van die predikante as huweliksbevestigings bly en later weer aan die Departement Binnelandse sake terug besorg word. Kerkrade hou ook nie meer 'n huweliksregister aan nie. Dit bemoeilik navorsing in verband met bevestigde huwelike by die Potchestroomse Argief. Om hierdie probleem die hoof te bied, kan Kerkrade versoek word om weer huweliksregisters by te hou wat later na die Argief gestuur kan word.

2.1.3.8 Kerkgeskiedenisdokumente

Die Kerkgeskiedenisdokumente is gedeeltelik oorgewerk. Verskeie soektogte vir prof PH Fick is gedoen en kosbare historiese dokumente is in die Argief opgespoor in die proses. 'n Inventaris van Kerkgeskiedenisdokumente is elektronies beskikbaar en toeganklik vir navorsers.

Die argiefpersoneel gee duidelike riglyne vir die uitsoek van dokumente aan die gemeentes vir oorpasing van argivalia. Hierdie riglyne is op die GKSA webblad geplaas by die skakel *Argief*.

Besluit: Punte 2.1.1 tot 2.1.3.8 kennis geneem.

2.2 *Sake rondom die Argief waarom die Sinode besluit*

2.2.1 Die huidige argiefassistent halfdag tydelike pos op kontrakbasis in 'n permanente voldagpos omskep word.

Besluit: Verwys na Kommissie vir Finansies [Kyk 13.2 in Handeling by Aanvullende Rapport 1.1 – Deputate Handeling].

2.2.2 Gemeentes word aangemoedig om argiefstukke te stuur vir argivering te Potchefstroom.

Besluit: Goedgekeur.

2.2.3 Kerkrade word versoek om 'n huweliksregister by te hou en mettertyd na die Argief te stuur.

Besluit: Goedgekeur.

2.2.4 Die opdrag om die kerke uit die ou Sinode Middellande te adviseer en by te staan met die versameling en bewaring van argivalia gekontinueer word.

Besluit: Goedgekeur met toevoeging waar moontlik gehelp kan word om die geskiedenis te beskryf.

2.2.5 Gemeentes word aangemoedig om hulself te vergewis van die dokumente wat vir bewaring na die Argief gestuur moet word (riglyne op die GKSA-webblad geplaas by die skakel *Argief*).

Besluit: Goedgekeur.

3. **Kerkhistoriese Seminaar**

Sedert 2009 het verskeie predikante, kerkhistorici en belangstellendes jaarliks bymekaar gekom en 'n seminaar aangebied rondom 'n spesifieke kerkhistoriese tema. Die seminaar van 2009 het hoofsaaklik rondom die ontstaansdatum van GK Potchefstroom gehandel terwyl die 2010 seminaar oor die kerklike bediening tydens die Tweede Wêreld oorlog gehandel het. Die Deputate het met dank kennis geneem van hierdie inisiatief wat hoofsaaklik deur individue gedryf word.

3.1 *Aanbevelings oor Kerkhistoriese Seminaar*

Die Deputate se opdrag word uitgebrei om voortaan die reëlings en administrasie van die jaarlikse kerkhistoriese seminaar te hanteer.

Besluit: Goedgekeur.

4. **Algemene aanbevelings t.o.v. die Deputate Historiese Sake**

4.1 Br Poen Coetzee word tot die Deputate toegevoeg.

Besluit: Goedgekeur.

4.2 Die staande opdrag van hierdie Deputate word gekontinueer.

Besluit: Goedgekeur.

18.2 RAPPORT 2 – DEPUTATE HISTORIESE SAKE – KERKMUSEUM (Art 207)

- A. Ds G Opperman lewer die rapport.
- B. Die rapport word staande die Sinode afgehandel.

C. RAPPORT

1. Opdrag

Acta 2009:337-341.

Besluit: Kennis geneem.

2. Kerkmuseum Potchefstroom

Die Deputate kan met dankbaarheid rapporteer dat die Kurator van die Potchefstroomse Kerkmuseum, sr MED Coetsee met groot ywer die werksaamhede voortgesit het. Die museum ontvang steeds van tyd tot tyd artikels as skenkings wat by die reeds bestaande uitstalling gevoeg word. 'n Uitstalling met die oog op die 150-jarige bestaan van die Gereformeerde Kerke is gehou. Skematiese grondplan is opgestel van die bestaande uitstallings en voorwerpe. Die visuele uitstalling bevat inligting en voorwerpe van die Potchefstroom se dorpsgeskiedenis en geskiedenis van die Gereformeerde Kerk.

2.1 *Restourasie en herontwerp van die Kerkmuseum*

Met die oog op die Fees-150 viering in 2009 is besluit dat die Kerkmuseum se uitstalling sinvol met 'n tema-uitstalling georden moet word. In samewerking met die Administratiewe Buro wat geld bewillig het vir die projek en Miems Lampbrecht, Senior Historiese- en Museumkundige van Tlokwe Streek is die herontwerp en tema-uitstalling gedoen.

Besluit: Kennis geneem.

2.2 *Tegniese uitvoering van die uitstallings*

'n Analise van bestaande uitstallings en ruimtes is gemaak, 'n skematiese grondplan is opgestel en die herontwerp is daarvolgens gedoen. Hierdie uitstalling pas ook aan by die gebou se argitektuur.

Die ingangsportaal is die enigste hooftoegangsdeur tot die gebou. In die ingangsportaal het die uitstalling uit 3 preekstoel bestaan en 'n groot metaal Bybelkas. Die een preekstoel is verwyder en geberg.

Die ou preekstoel is verskuif na die regterkant en vorm 'n kern fokuspunt met 'n foto van Paul Kruger en daarnaas die banier oor Afrikanergebondenheid.

Gereformeerde Kerk se tydlyn tot vandag.

Die hoeksteenklip van Rustenburg, die fondasiesteel, is gelig en op staalstanders geplaas.

Twee nuwe uitstalkaste is vervaardig deur SHO Craft vir Nols van der Walt se Bybelversameling in 64 tale.

Saal A: Al die groot swaar uitstalkaste is verwyder en elektriese werk is ontkoppel.

Alle museumvoorwerpe met die ou etikette is uit kaste verwyder en verpak.

Foto's is verwyder van kaste en mure.

Vernuwing:

Die bruin uitstalkaste is rug teen rug geskuif in die middel van die vertrek en gelig op 'n platform wat afgerond is met dieselfde hout tipe.

Daar is gevoel om die kaste te herbenut synde om dit as funksionele uitstalruimtes te gebruik en sodoende koste te bespaar.

Die kaste is verskuif weg van die venster(s). Veral uit 'n konservering-, en estetiese oogpunt vertoon die uitstalling beter.

Die stoel van prof. Dirk Postma vorm 'n welkomende inleiding tot die saal. Die foto's is sinvol en ondersteunend tot die baniere uitgestal. Dit fokus op die Seringboom, Totius, Pioniers en Families e.a. Dus is daar sterker gefokus op die geskiedenis van die GKSA.

Modules is gebruik om groter voorwerpe van die vloer te lig.
Nagmaaltafel word die bakermat van ou Teologiese boeke en Bybels.
Die vloere is geskuur- en vernis waar ou kaste gestaan het.
Alle museumvoorwerpe op uitstalling is goed skoongemaak en versorg.

Saal B: Ou uitstalkaste is verwyder, vloere is geskuur en hervernis.

Vernuwing:

Uitstalkaste is gelig op platvorm, weg van vensters af.

Twee ligte houtuitstalkaste is teen oorkantste muur geskuif en aangewend vir uitstalling van die Anglo Boere-oorlog en Dorslandtrekkers.

'n Wa en reistrommels is op modules gelig, weg van vloeroppervlakte.

Baniere handel oor Studentelewe en Sinodes, ABO en Emmigrante.

Besluit: Kennis geneem.

2.3 Aanbevelings rondom die Kerkmuseum Potchefstroom waaroor die Sinode moet besluit

Die kerke en lidmate van die GKSA word weereens aangemoedig om die Kerkmuseum in Potchefstroom te ondersteun deur die museum te besoek en versamelstukke aangaande die kerke se geskiedenis daaraan toe te vertrou.

Besluit: Goedgekeur met 'n spesiale dankwoord aan sr MED Coetsee vir haar besondere werk.

18.3 RAPPORT 3 – DEPUTATE HISTORIESE SAKE – BURGERSDORP KULTUURHISTORIESE MUSEUM (Art 208)

- A. Ds G Opperman lewer die rapport.
- B. Die rapport word staande die Sinode afgehandel.

C. RAPPORT

1. Opdrag

Acta 2009:337-341.

Besluit: Kennis geneem.

2. Algemene agtergrond

Die Historiese agtergrond van die Deputate Historiese Sake se vorige Rapport (2009:338, 2.2.1.2) ter kennisname saam met hierdie verslag gelees word.

Soos in die 2009 Rapport genoem, het die nuwe Museumwet van 2004 van die Oos-Kaapse regering in Oktober 2008 nog nie in werking getree nie. Met die opstel van die hierdie verslag (Junie 2011) is dit nog steeds die geval. Daarvoor is daar verskeie redes waarvan die volgende waarskynlik die belangrikste is:

Weerstand van die Oos-Kaapse museum personeel om onder die gesag van die ter stigte Museumraad te val.

Onvermoë van die LUR om die huidige Trusteese met Museumkomitees soos die nuwe wetgewing vereis, te vervang.

Intussen vind daar twee Museumindaba's in die Oos-Kaap plaas (Januarie 2009 en Februarie 2010). By die geleentheid kom die probleme met die 2004 wetgewing onder bespreking. Daarna het daar in Desember 'n Policy Position Paper van die Oos-Kaapse regering aangaande die Museum in die provinsie in konsepvorm verskyn. Hiervolgens word aanbeveel dat die bestaande wetgewing hersien moet word. Sekere voorstelle word ook in die verband gemaak.

Volgens die 2004 wetgewing moet die huidige Trusteeraad van die museums aanhou funksioneer in 'n oorgangsperiode volgens 'n *sunset clause*. Bogenoemde *Policy Position Paper* beveel aan dat die stand van sake voorlopig nog moet voortduur.

Hoe sake ten opsigte van die bestuur, administrasie en beleid van die Burgersdorpse Museum in die toekoms daar sal uitsien, is dus op die oomblik slegs spekulasie. Insiggewend is wel die volgende aanhaling uit die *Joe Gqabi District Municipality se Ukhahlamba Heritage & Tourism Economic Strategy: At present the museums of Joe Gqabi District show a disproportionate focus on Victorian and specific pioneer histories. Their displays reflect an ideology and management system that was in vogue fifty years ago. This does little to attract or inspire locals or visitors to this District, nor does it reflect the potential the museums have in promoting and actively contributing to the tourism of the area – a fact of which the Joe Gqabi District Municipality, DSRAC and associated museums are cogently aware.*

Soos in die Sinode 2009 Rapport vermeld, het die ou BKM ledevereniging in 2008 herleef en sedertdien jaarliks vergader.

Die Museum se personeel word nog steeds deur die Oos-Kaapse regering besoldig, maar het moeite om hulle ander lopende uitgawes te dek. Hieronder val die pogings wat aangewend word om die gemeenskap se kultuurhistoriese erfenis by wyse van mobiele uitstallings by hulle uit te bring asook die onderhoud van die geboue en uitstallings. In die verband moet gemeld word dat die Museum onlangs wel 'n toekenning van R600 000 van die Nasionale Lotto ontvang het.

2.1 *Betrokkenheid*

Br Gerhard Coetsee van Burgersdorp verrig as voorsitter van die BKM-ledevereniging en die Trusteeraad nog steeds reusewerk te bate van die Museum. Dit behels 'n byna daaglikse betrokkenheid by die museum self asook die verteenwoordiging by van die bogenoemde indabas onder andere.

Verskeie lidmate asook die predikant van die GK Burgersdorp, ds Jan Malan is lede van die huidige Trusteeraad asook die BKM-ledevereniging.

Ds Gustav Opperman verteenwoordig die Deputate Historiese Sake by die Trusteeraad asook die BKM ledevereniging.

Volgens 'n verslag aan die Deputate Historiese Sake van br Jaap Verhoef is die voorgesette betrokkenheid van die NWU by die BKM onseker. Ons het egter ook met dank kennis geneem van die herinrigting van die uitstalling rondom die ontstaan van die Teologiese Skool ter Burgersdorp, wat op 24 Oktober 2008 feestelik in gebruik geneem is. Hierdie omvattende onderneming is deur die NWU onder leiding van br Jaap Verhoef onderneem.

Besluit: Kennis geneem.

2.2 Aanbevelings oor die Burgersdorp Kultuurhistoriese Museum

- 2.2.1 Die Deputate het weereens geoordeel dat gesien in die lig die onsekerhede rondom die nuwe Museumwetgewing, 'n versigtig afwagende houding ingeneem moet word rondom die GKSA se toekomstige optrede oor die Burgersdorp Kultuurhistoriese Museum.
- 2.2.2 Dat die Deputate Historiese Sake asook die huidige Gereformeerde verteenwoordigers op die Trusteeraad, die opdrag van die vorige Sinode (soos verwoord in 2.2.1.3.3) voortsit. Dit is om binne die toelating van die museumwet, die GKSA se historiese eiendomme in die Oos-Kaap die beste te bewaar en bestuur.
- 2.2.3 Die kerke en lidmate van die GKSA word weereens aangemoedig om die BKM aktief te ondersteun deur die museum te besoek en as lede (intekenare) van die BKM-ledevereniging aan te sluit.

Besluit: Punte 2.2.1 tot 2.2.3 goedgekeur.

Verkorte klassieke Formulier in hedendaagse Afrikaans**Instellingswoorde**

Kom luister na die woorde waarmee ons Here Jesus Christus die heilige Nagmaal ingestel het soos Paulus dit verwoord:

Ek het van die Here ontvang wat ek ook aan julle oorgelewer het: Die Here Jesus het in die nag waarin Hy oorgelewer is, brood geneem en, nadat Hy God daarvoor gedank het, het Hy dit gebreek en gesê: "Dit is my liggaam; dit is vir julle. Gebruik dit tot my gedagtenis."

Net so ook het Hy ná die maaltyd die beker geneem en gesê: "Hierdie beker is die nuwe verbond, wat deur my bloed beseël is. Gebruik dit, elke keer as julle daaruit drink, tot my gedagtenis." Elke keer as julle van hierdie brood eet en uit die beker drink, verkondig julle die dood van die Here totdat Hy kom.

Elkeen wat op 'n ongepaste wyse van die brood eet of uit die beker van die Here drink, sal skuldig wees aan sonde teen die liggaam en die bloed van die Here. Maar elkeen moet eers homself ondersoek voor hy van die brood eet en uit die beker drink (1 Kor 11:23-28.)

Om die Nagmaal op die regte wyse te vier en daardeur vertroos te word, is dit nodig dat ons onself vooraf deeglik ondersoek en die Nagmaal dan gebruik om die Here se verlossingswerk opnuut in herinnering te roep.

Selfondersoek

Ware selfondersoek bestaan uit die volgende drie dele:

- Ons moet nadink oor ons sonde en die vloek wat ons oor onself gebring het. Hieroor moet ons onself met diepe berou in nederigheid voor God neerbuig.
- Ons moet God se vaste belofte glo dat al ons sondes vergewe is alleen op grond van die versoening wat Christus vir ons bewerkstellig het. Omdat Christus ons skuld gedra het, en ons sy geregtigheid ontvang het, is ons van ons skuld vrygespreek.
- Ons moet opreg begeer om God met ons hele lewe te dank, opreg voor Hom te leef en in ware liefde en eensgesindheid in harmonie met ons naaste te lewe (vgl 1 Kor 11:27-29; Ps 51).

Hulle wat só 'n gesindheid het, wil God in genade aanneem en in die seëninge van die Nagmaal laat deel. Hulle wat egter God se gebod hardnekkig en sonder berou oortree, eet en drink 'n oordeel oor hulleself.

Daarom verkondig ons aan almal wat in hulle sonde volhard, dat hulle nie na die Nagmaal van die Here moet kom nie. Almal dus wat afgode dien, towenaars en waarsêers aanhang en aan hulle glo, lasterlike dinge van God sê of skeuring in die kerk of staat veroorsaak, meined pleeg of ongehoorsaam is, moet nie deel hê aan die Nagmaal van die Here nie; so ook alle moordenaars en twissoekers, egbrekers, hoereerders, dronkaards, diewe, rowers, dobbelaars en gierigaards (vgl 1 Kor 5:11, Ef 5:5; Eks 20:12-17; Sag 8:17; Lev 19:12).

Want iemand wat liefdeloos en aanstootlik lewe, het nie deel aan die koninkryk van Christus nie. Tog kom ons nie na die Nagmaal omdat ons dink ons is sonder sonde en volmaak nie; intendeel, ons kom juis omdat ons die lewe buite onself in Christus soek.

Met so 'n gesindheid erken ons dat ons van nature deur die sonde dood is. Ons het inderdaad nog baie tekortkominge, soos 'n gebrek aan geloof, aan ywer in God se diens, en aan liefde vir God en ons naaste.

Ons het egter deur die genade van die Heilige Gees met ons hele wese berou oor ons sondes en begeer opreg om volgens al die gebooie van God te lewe. Daarom kan ons seker wees dat God ons in genade aanneem en waardig ag om deel te hê aan die voedsel en drank wat God ons gee.

Nagmaal as herinneringsmaaltyd

Die Here leer ons die doel van die Nagmaal wanneer Hy sê: "Gebruik dit tot my gedagtenis." Om die Nagmaal op hierdie wyse te gebruik moet ons opreg glo dat Christus deur die Vader na hierdie wêreld gestuur is, dat Hy waarlik mens geword het en as sondelose Lam God se toorn gedurende sy hele lewe op aarde in ons plek gedra het.

Christus het God se wet in ons plek met volkome gehoorsaamheid vervul. Hy het ons smaad gedra sodat ons nooit weer tot skande sou word nie.

Hy is onskuldig tot die dood veroordeel sodat ons van God se oordeel vrygespreek kan word. Hy is met spykers aan die kruis vasgeslaan om die skuldbrief van ons sondes daaraan vas te heg (vgl Kol 2:14).

Op hierdie manier het Hy in ons plek ons vervloeking op Hom geneem om sy seën aan ons te skenk. Sodat ons nooit weer deur God verlaat sou word nie het Hy uiterste pyn en smart gely en in bange Godverlatenheid uitgeroep: My God, my God, waarom het U My verlaat? (vgl Matt 27:46; Mark 15:34).

Uiteindelik het Hy met sy dood en met sy bloed wat gevloei het die ewige genadeverbond bekragtig met dié woorde: Dit is volbring (vgl Joh 19:30.)

Wanneer ons op hierdie wyse aan Hom en sy lyding dink, verseker die tekens van brood en wyn ons telkens weer dat Hy Hom in ons plek gestel het. Ook verseker hierdie tekens ons dat Hy ons werklik met sy liggaam en bloed voed – net soos Hy ons voed wanneer ons die brood en wyn eet en drink.

Op hierdie manier wil die lewende Christus ons deur sy Gees van sy liefde verseker en ons onwrikbaar laat besef dat ook ons ingesluit is in hierdie genadeverbond. Elke keer as ons die Nagmaal vier, getuig ons van sy dood totdat Hy weer kom.

Daarom laat die fees van die Nagmaal ons vurig verlang en uitsien na die bruilofsfees van die Lam.

Die Nagmaal leer ons immers om die eenmalige offer wat ons Here Jesus Christus aan die kruis gebring het heelhartig in die geloof te aanvaar as die enigste grondslag van ons saligheid.

Aan die kruis is sy liggaam gebreek en sy bloed uitgestort om sodoende volkome versoening vir al ons sondes te bewerk. Ook het Hy op hierdie wyse vir ons die ware voedsel en drank van die ewige lewe geword.

Deur sy dood het Hy ook vir ons die Gees verwerf – die Gees wat lewend maak, ons in ware gemeenskap aan Christus verbind en ons in al sy seëninge laat deel.

Dieselfde Gees bind ons ook in ware liefde saam as lede van één liggaam. Omdat ons almal deel in die een brood, is ons almal een liggaam (1 Kor 10:17).

Daarom moet almal wat deur die geloof in Christus ingelyf is, hierdie eenheid in liefde met woord en daad teenoor mekaar bewys. Mag God deur sy Gees ons daartoe help.

Amen.

Gebed

Laat ons ons nou eers nederig voor God neerbuig en Hom gelowig om sy genade aanroep:

O God en Vader, wat U oor ons ontferm, ons dank U dat ons opnuut u Seun, Jesus Christus, se bittere kruisdood mag gedenk – 'n gebeurtenis wat vir ons troos inhou.

Ons bid U, gee deur u Heilige Gees 'n opregte vertrouwe in ons hart sodat ons onself toenemend aan u Seun sal toewy; met Hom, die brood van die ewige lewe, versterk sal word en nie meer in ons sondes nie, maar in verbondenheid met Hom mag lewe.

Verseker ons dat U ons genadige Vader is en dat ons u kinders en erfgename is. Help ons om onself te verloën, om ons Heiland te bely en met verlange te wag tot Hy weer sal kom om ons in ewigheid na Hom te neem.

O God en Vader, U wat U oor ons ontferm, verhoor ons om Jesus ontwil. Amen.

Hierna volg 'n toepaslike Psalm. Die bedienaar gaan na die tafel en sê:

Beroep om hart en gedagtes te rig op Christus.

Rig u hart en gedagtes nou op Jesus Christus, ons Voorspraak aan die regterhand van ons hemelse Vader. Wees daarvan verseker dat die Heilige Gees u werklik versterk met Jesus se liggaam en bloed, net so seker as wat u die brood en die wyn ontvang as herinneringstekens aan sy verlossingswerk.

Kernuitsprake by die uitdeel handeling

Die brood wat ons breek, is die gemeenskap met die liggaam van Christus. Neem, eet; dink daaraan en glo dat die liggaam van ons Here Jesus Christus gebreek is tot 'n volkome versoening van al ons sondes.

Die beker van danksegging wat ons met danksegging seën, is die gemeenskap met die bloed van Christus. Neem, drink almal daaruit; dink daaraan en glo dat die kosbare bloed van ons Here Jesus Christus vergiet is tot 'n volkome versoening van al ons sondes.

Lofprysing

Geliefdes, omdat die Here ons met die brood van die lewe versterk het, laat ons almal saam sy Naam dankbaar loof en prys met dié woorde:

Ek wil die Here loof, met alles wat in my is, wil ek sy heilige Naam loof.

Ek wil die Here loof en nie een van sy weldade vergeet nie.

Dit is Hy wat al my sonde vergewe, wat al my siekte genees, wat my red van die graf en my met liefde en ontferming kroon, wat my die goeie in oorvloed laat geniet.

Barmhartig en genadig is die Here, lankmoedig en vol liefde.

Want so groot as die afstand tussen hemel en aarde is, so groot is sy liefde vir dié wat Hom dien.

So ver as die ooste van die weste af is, so ver verwyder Hy ons oortredinge van ons af. Soos 'n vader hom ontferm oor sy kinders, so ontferm die Here Hom oor dié wat Hom dien.

Hy het sy eie Seun nie gespaar nie, maar Hom oorgelewer om ons almal te red. Sal Hy ons dan nie al die ander dinge saam met Hom uit genade skenk nie? (Ps 103:1-5, 8-13, Rom 8:32).

Daarom sal ons mond en hart die lof van die Here verkondig – van nou af tot in ewigheid.

Amen.

Dankgebed

O God en Vader, wat U oor ons ontferm, ons dank en loof U dat U die heerlike beloftes van die evangelie met hierdie Nagmaal bekragtig.

Ons dank U dat U u enigste Seun geskenk het as Middelaar en offer vir ons sondes.

Ons dank U vir die ware geloof, waardeur ons deel kry aan die offer van u Seun.

Ons bid U, laat die Heilige Gees in ons werk sodat die boodskap van die dood van die Here ons elke dag sal laat groei in die geloof en in die heerlike gemeenskap met Christus. Om sy Naam ontwil. Amen.

Formulier met klem op die aksente van CalvynNotas

In hierdie Formulier val die klem op die wonderlike gemeenskap met die lewende Christus, waardeur Hy as Gasheer aan die tafel ons deur die Heilige Gees werklik met Homself voed (vgl NGB, art 35).

Teks**Die viering van die gemeenskap met die lewende Christus****Instelling**

Gemeente van ons Here Jesus Christus.

Die nagmaal is deur ons Verlosser self ingestel.

“Toe dit tyd was, het Jesus aan tafel gegaan en die apostels saam met Hom. Hy sê toe vir hulle: ‘Ek het baie daarna uitgesien om hierdie paasmaaltyd saam met julle te eet voordat Ek ly. Ek sê vir julle: Ek sal dit nie weer eet voordat dit in die koninkryk van God sy volle betekenis gekry het nie.’ Daarna neem Hy ’n beker, spreek die dankgebed uit en sê: ‘Neem dit en gee dit vir mekaar aan. Ek sê vir julle: Ek sal van nou af nie weer wyn drink voordat die koninkryk van God gekom het nie’. Toe neem Hy brood, spreek die dankgebed uit, breek dit en gee dit vir hulle met die woorde: ‘Dit is my liggaam wat vir julle gegee word. Gebruik dit tot my gedagtenis’. Met die beker na die maaltyd het Hy net so gemaak en gesê: ‘Hierdie beker is die nuwe verbond, beseël deur my bloed, wat vir julle vergiet word’” (Lukas 22:14-20).

Gedagtenis

In gehoorsaamheid aan die woorde van Christus: “Gebruik dit tot my gedagtenis” herdenk ons met die gebruik van die nagmaal dat Jesus Christus ooreenkomstig God se belofte deur die Vader na hierdie wêreld gestuur is. Die Here Jesus het Homself as ’n offer gegee vir ons wat sondaars is. Met blydschap bely ons dat ons lewe in sy dood berus. Ons dank ons getroue Heiland wat as Goeie Herder sy lewe vir sy skape afgelê het en verbly ons in die Goddelike geheimenis:

*“As mens het Jesus in die wêreld gekom,
deur die Gees is bevestig dat die reg aan sy kant is,
aan die engele het Hy verskyn;
aan die heidennasies is Hy verkondig,
in die hele wêreld is Hy geglo,
en in heerlijkheid is Hy opgeneem” (1 Tim 3:16).*

Gesindheid en versekering

Die groot geskenk van God se genade in Christus spoor ons aan om vanweë ons sonde ’n afkeer in onself te hê en ons voor God te verootmoedig. Met blydschap en dankbaarheid gryp ons vas aan die versekering dat al ons sondes vergewe is op grond van die lyde en sterwe van Jesus Christus ons Here en Heiland. Sy volkome geregtigheid is ons toegereken en geskenk. Ons kom daarom met ons hande uitgestrek na die oorfloedige Gewer, as siekes na die Geneesheer, as sondaars na die Werker van geregtigheid, as dooies na Hom wat lewend maak. Christus is die enigste voedsel van ons siele. Daarom nooi die hemelse Vader ons uit om deur deelname aan die nagmaal aan Hom verkwik te word en nuwe krag uit Hom te put totdat ons die hemelse onsterflikheid bereik. Die onmiskenbare tekens en seëls van die brood en wyn verseker ons van Christus se hartlike liefde en trou. Ons kan weet dat Hy in ons alles werk wat in die tekens aan ons voorgehou word, en dat Hy inderdaad vir ons die Brood van die lewe is.

Gemeenskap

Die seëninge van die nagmaal word netso seker aan ons gegee asof ons Christus self in die nagmaal sien en aanraak. Die brood en wyn betuig en beseël aan ons dat Christus sy lewe in die nagmaal in ons oorgiet, asof dit in murg en been indring. Wanneer die brood as teken aan ons gegee word, moet ons dadelik aan die ooreenkoms dink: Soos die brood die lewe van ons liggaam voed, onderhou en beskerm, so is die liggaam van Christus die enigste voedsel om ons siele te voed en lewendig te maak. Wanneer die wyn as teken van die bloed van Christus aan ons voorgesit word, moet ons onthou dat die bloed van Christus ons koester, verkwik, versterk en met blydschap vul. Dit doen Christus nie deur bloot 'n teken aan ons voor te hou nie, maar Hy volbring dit deur die Gees wat Hy beloof. Deur die Gees laat Christus ons in sy gemeenskap lewe, sodat ons met die apostel mag sê: *“ek is saam met Christus gekruisig, en nou is dit nie meer ek wat lewe nie, maar Christus wat in my lewe”* (Gal 2:19-20). Hy maak van ons lote aan Hom, die Hemelse Wynstok, sodat ons vir Hom vrugte kan dra. Deur dieselfde Gees verbind Hy ons aan mekaar in egte liefde as lede van een liggaam. *Want dit is immers aan tafel saam met Christus waar sy bevel tot ons kom: “Dit is my opdrag: Julle moet mekaar liefhê soos ek julle liefhet”* (Joh 15:12).

Soos brood saamgestel is uit baie korrels wat so met mekaar vermeng is dat die een nie van die ander onderskei kan word nie, so betaam dit ons om so eengesind en verbind aan mekaar te wees dat daar geen tweedrag of skeiding onder ons mag voorkom nie. Jesus waarsku ons immers: *“Elke koninkryk wat onderling verdeeld is, gaan te gronde”* (Mat 12:25). Terwyl ons aan die tafel die heerlike teenwoordigheid van Jesus Christus deur Sy Woord en Gees ervaar, dink ons weer aan die bevel van Jesus: *“Dit is my opdrag: Julle moet mekaar liefhê soos ek julle liefhet”* (Joh 15:12).

Verwagting

Die apostel Paulus plaas die nagmaal binne die perspektief van Christus se wederkoms wanneer hy sê: *“Elke keer as julle van hierdie brood eet en uit die beker drink, verkondig julle die dood van die Here totdat Hy kom”* (1 Kor. 11:26). Wanneer ons die nagmaal vier, ervaar ons die vreugde om deel te hê aan die nuwe verbond in Christus se bloed. Ons dank die Vader dat ons die verlossing waarvan die profete geprofeteer het, mag ken. Tegelyk sien ons met die viering van die nagmaal uit na die verskyning van ons Verlosser in heerlijkheid en die ewige huweliksfees waartydens ons vol vreugde saam met Hom die nuwe wyn sal drink in die koninkryk van sy Vader. Met groot blydschap bid ons saam met God se kerk: *“Amen! Kom, Here Jesus!”* (Op 22:20).

Gebed

Barmhartige God en Vader, ons wil nou met hierdie nagmaal die heerlike gemeenskap met u geliefde Seun Jesus Christus vier. Ons bid U: Stuur ons U lewendmakende Gees, sodat ons gevoed kan word met die ware brood uit die hemel wat die ewige lewe skenk. Amen.

Lied

(bv Sb 17-2)

Hartverheffing

Laat ons ons harte omhoog hef na Christus waar Hy aan die regterhand van die Vader sit. Kom almal met blydskap en eensgesindheid na die tafel van die Here toe. Dank Hom vir sy groot liefde wat Hy aan ons betoon het toe Hy homself as offer vir ons oorgegee het, en wat Hy steeds betoon deur al sy weldade aan ons te skenk.

Uitdeelformule

Die brood wat ons breek, is die gemeenskap met die liggaam van Christus. Neem, eet, dink daaraan en glo dat die liggaam van Christus vir ons gegee is.

Die beker van danksegging, waaroor ons die danksegging uitspreek, is die gemeenskap met die bloed van Christus. Neem, drink almal daaruit, dink daaraan en glo dat die kosbare bloed van ons Here Jesus Christus vergiet is tot 'n volkome versoening van al ons sondes.

Danksegging

Laat ons met mond en hart die lof van die Here verkondig:

(Sing: Psalm 103:1,3,4,5 of Psalm 138 of 'n ander geskikte lied).